
Besprekingsgids
vir Selgroepe
verander
jou wêreld

INHOUDSOPGAWE

	bl
Inleiding	3
1. Alles Verander! [15 Augustus]	4
2. Bring sy wereld na jou wêreld [22 Augustus]	6
3. Comfort Zones [29 Augustus]	9
4. Seisoene [5 September]	12
5. Verander jou werk [12 September]	15
6. Change Agents [19 September]	17
Aanhangsel A	20

INLEIDING

Verandering is deel van ons bestaan en ‘n inherente deel van die hele skepping. Alles is in ‘n voortgaande staat van verandering en niks kan dit stop nie. Verandering is bewys daarvan dat ons lewe, asook bewys dat ons beperkte wesens is met ‘n einde – alles het sy eie seisoen en niks op hierdie aarde hou vir ewig nie.

Verandering is ‘n skeppingsbeginsel

ALLES VERANDER!

Die oomblik as jy besef en aanvaar dat niks vir altyd dieselfde gaan bly nie, dan kan jy verandering positief begin sien en beleef en realistiese vlakke van verwagting hê sodat jou teleurstellings tot die minimum beperk kan word. Een van die groot tragedies van die lewe is dat slegs ‘n klein persentasie van mense effektief reageer op verandering. Baie mense is slagoffers van verandering. Sommige haat verandering, ander weier om dit te aanvaar. Dit lei tot geweldige frustrasie en selfs depressie.

Hierdie reeks wil jou help om opgewonde te wees oor verandering wat in die toekoms sal voorkom en om met vrymoedigheid die volgende seisoen van jou lewe op te neem, sodat jou volle potensiaal tot verwesenliking kan kom, en so ook jou unieke bydrae tot jou generasie.

Lost opportunity means the sacrifice of destiny. -- Dr Myles Monroe

Nou kan ons die Here se heerlikheid weerkaats sonder dat daar enige sluiers oor ons gesig hang. Ja, ons kan die Here nou raaksien (natuurlik nie letterlik nie; ons is soos mense wat in ’n dowwe spieël na Hom kyk). Hoe meer ons die Here se grootheid raaksien, hoe meer word ons eie lewe verander. Dan begin ons al hoe meer lyk en ook leef soos kinders van God. Dit is natuurlik die Here self, Hy wat Gees is, wat ons verander om al hoe meer te leef soos Hy dit wil hê. Wonderlik, nè!

2 Korintiërs 3:18 Die Boodskap

1. Alles Verander!

Change is in the air. It is everywhere.

Die een ding wat ons almal in die oë moet kyk, is verandering. Ons lewe is in 'n konstante staat van verandering. Selfs hulle wat 'n basiese eenvoudige lewe leef, word geaffekteer deur verandering. Verandering is dus die belangrikste faktor in die lewe om mee rekening te hou. Maak nie saak of verandering aan jou opgedring word en of jy self verantwoordelik is daarvoor nie.

En tog is daar nie baie mense wat verandering effektief en positief beleef nie. Sommige glo dat verandering maar net gebeur en hulle dink nie ernstig daaroor nie. Baie is dan ook nalatig om positiewe veranderinge te inisieer wat 'n groot verskil in hulle en ander se lewe kan maaak. Daarom beland die meeste op een of ander manier as die slagoffers van ongewensde verandering.

Change—Enemy or Friend?

Think of change as your friend rather than your enemy. Change is not the kind of "friend" who will sit and commiserate with you at a pity party but a friend who will encourage you to be the best you can be. It is my desire that you will begin to see change as the arrival of opportunity rather than an invasion of destruction.

Responding to change in a positive way doesn't come automatically or easily for most people. Yet there are specific principles of change that enable us to deal with and benefit from it. The only way for you to move forward to where you want to go in life, regardless of your circumstances, is to initiate desired change and to address unwanted change constructively. You must understand the nature of change and the principles for responding to it. Otherwise, you will be sidetracked or defeated by times of transition and perhaps never make the personal and professional advances needed to improve your life.

Myles Monroe

WELKOM

Laat almal in 'n sirkel staan en na die grond kyk. Wanneer die fassiliteerder sê "Kyk op!" kyk elke persoon stip in iemand anders se oë. As 2 mense gelyktydig na mekaar kyk - gil hulle so hard as hulle kan, en is uit die speletjie uit. Hou so aan totdat net 2 mense oorbly.

WORSHIP

Na die gejaag van die dag, gebruik tyd om die disipline van stilte en nadenke te beoefen. Laat groeplede elk beweeg na 'n plek waar daar bietjie spasie is – selfs buitekant in die natuur (as dit nie te koud is nie!)

Haal nou jul Bybels uit en lees die volgende Psalms. Psalm 4 Psalm 23 Psalm 46
Laat God toe om jul te verfris en jul gedagtes te vernuwe in hierdie oomblikke van rustigheid.

Laat groeplede na ongeveer 10 minute terugkom en gesels oor hul ervaring. Was dit moeilik om regtig stil te word? Hoekom is dit nodig om tyd in stilte en meditasie deur te bring?
'In quietness and in confidence shall be your strength' (Isaiah 30:15)

WOORD

Lees 2 Korintiërs 3:18

Nou kan ons die Here se heerlikheid weerkaats sonder dat daar enige sluiers oor ons gesig hang. Ja, ons kan die Here nou raaksien (natuurlik nie letterlik nie; ons is soos mense wat in 'n dowwe spieël na Hom kyk). Hoe meer ons die Here se grootheid raaksien, hoe meer word ons eie lewe verander. Dan begin ons al hoe meer lyk en ook leef soos kinders van God. Dit is natuurlik die Here self, Hy wat Gees is, wat ons verander om al hoe meer te leef soos Hy dit wil hê. Wonderlik, nè!
Die Boodskap

1. Die vraag is van *wat* moet ons verander en *waarnatoe* moet ons verander?

Ons (vleeslike, ou) natuur moet al hoe meer verander word na die beeld van Christus soos ons in 2 Kor 3: 18 lees. Ons het nodig om daagliks deur die Heilige Gees gevul te word sodat dit kan gebeur. En dis nie net lippetaal nie, dit moet konkreet gebeur! Die beeld van Christus vind ons in Gal 5: 22 – vol liefde, vrede, vreugde, geduld, goedhartigheid, getrouheid, vriendelikheid, nederigheid en selfbeheersing.

2. Hoe stel Paulus in Rom 12: 2 voor is een van die beste maniere/oorspronge vir dit om te gebeur? Het jy iets in plek in jou eie lewe wat hierdie proses kan aanhelp?

"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe."

BEDIEN MEKAAR

3. Vertel vir mekaar van die mees onlangse verandering/e wat jy in ander se lewens raak gesien het. Dit hoef nie altyd die mees radikale bekerings of omwentelings te wees nie. Dit kan selfs mense wees wat emosionele- of gevoelsveranderinge ondergaan het aangesien die nuutste navorsing daarop dui dat ons eintlik meer emosionele wesens as rasionele wesens is.

4. Op watter praktiese maniere is die Here in jou lewe besig om jou te verander? Of dalk jou gesin se lewens te verander? Kan mense rondom jou die veranderinge sien of ervaar? Deel met die groep oor 'n verandering wat die laaste tyd in jou plaasgevind het.

WêRELD

5. John Maisbitt maak die volgende stelling in *Mindset 2009: "Most change is not in what we do, but how we do it!"* Ons sal almal saamstem dat die evangelie en die fenominale inhoud daarvan oor jare nie verander het nie, maar dat kerkwees se manier van doen radikaal verander moet word na die sg EPIC-lewensbenadering, nl Experiential, Participatory, Image-Driven en Connected. Bespreek dit in die lig van kerkwees vandag.

6. Dink julle Vredelust slaag daarin om mense op hierdie EPIC-reis saam te neem? Het jy voorstelle in die verband?

Kom veral hier uit by die feit dat kerk lankal nie meer alleen kan bestaan uit erediensbywoning en nominele lidmaatskap nie. Dit is veral die ervaringe en belewenisse van doodgewone mense wat lewens vandag aanspreek en aanraak. Versamel ook voorstelle wat gemaak word en gee dit asb deur aan Pieta/Tertius/ Leon/Martin.

2. Bring sy wêreld na jou wêreld

Hierdie is 'n groot saak om te vat! Ons is so deel van die natuurlike wêreld waarin ons biologies gebore word dat dit dikwels 'n stryd is om te verstaan wat dit beteken dat ons deel van God se wêreld geraak het. Dit het gebeur die dag toe ons wedergebore is - daardie dag is ons geestelik gebore, toe het ons gees lewendig geraak en het ons deel gekry aan die geestelike wêreld, die koninkryk van God. Ons het hemelse burgerskap ontvang en is nou mense wat ***in*** die wêreld is, maar nie langer ***van*** die wêreld nie.

Ons moet leer om uit die bonatuurlike wêreld, God se wêreld, te leef. Daarom is dit nodig om te weet hoe daardie wêreld of koninkryk lyk en wat die beginsels is wat daar opereer. Hierdie beginsels moet nou ons lewe op aarde bepaal.

- *Ons moet eerstens vir God reg verstaan, want hoe jy God verstaan het 'n groot impak op hoe jy lewe*
- *Die twee belangrikste dryfvere in die koninkryk van God is liefde en geregtigheid ("justice")*
- *Verstaan en beoefen hierdie ongewone bonatuurlike liefde*
- *Ons moet doen wat reg en regverdig is en dit elke dag najaag*
- *Ons moet sterf aan onsself, aan ons eie natuurlike wêreld*
- *Ons moet leef en bedien in die beginsels en outoriteit van die bonatuurlike wêreld*

Dis belangrik om te weet dat alhoewel Jesus God was, die Skrif duidelik aantoon dat Hy nie opgetree het uit sy Goddelike natuur terwyl Hy op aarde was nie, maar uit sy menslike natuur, maar bemagtig deur die Heilige Gees. Selfs toe Hy versoek was in die woestyn (Luk 4) of in die tuin van Getsemane en Hy legioene engele kon ingeroep het, het Hy Homself verneder in gehoorsaamheid aan God die Vader. Vgl Joh 5:19 "*Ek verseker julle, die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen slegs wat Hy die Vader sien doen. Wat die Vader ook al doen, dit doen die Seun net so.*"

Dis belangrik om te weet dat ons dieselfde bemagtiging het as Jesus. Ons is nie Goddelik nie, ons is nie Jesus nie, maar ons kan doen wat Jesus gedoen het deur onsself aan die krag van die HG oor te gee.

When the supernatural becomes natural, we have the real supernatural
-- Leonard Sweet

WELKOM

Geheue speletjie: Vooraf: Druk/kopieër **2 kopië** van die prentjies in **Aanhangsel A** en knip dit uit sodat jy **30 los prentjies** het (verkieslik kleur, op karton sal dit nog beter werk). Pak nou die prentjies almal gesig-na-onder in 6 rye van 5. Maak seker dat die prentjies wat dieselfde lyk goed versprei is. Groeplede mag nie sien nie.

Deel die groep in 2 spanne op. Elke span kry 'n geleentheid om 2 kaartjies op 'n slag om te draai. As hulle "match" kry die span 'n punt, anders word hulle net weer omgedraai. Hierna is dit die ander span se beurt (ongeag of die vorige span 'n punt gekry het of nie), ens, totdat al die pare kaartjies se "maatjies" gekry is. Die span met die meeste punte, wanneer die kaartjies op is, wen.

WORSHIP

Onderstreep of 'highlight' frases in die volgende skrifgedeeltes sodat elke groeplid 'n kans sal kry om 'n gedeelte voor te lees. Indien daar meer frases as groeplede is, kan lede meer as 1 skrifvers lees. Laat groeplede hul reëls voorlees en ook herhaal. Lees nou die skritgedeeltes hardop as groep deur. Laat iemand in die groep 'n lof en dankgebed doen.

Almal op aarde, juig tot eer van die Here!

Dien die Here met blydskap. Kom voor Hom en sing met vreugde.

Erken dat die Here God is!

Hy het ons gemaak en ons is Syne, sy volk, die skape van sy weiveld.

Psalm 100:1 - 3

God appoints the sun to shine by day,

God decrees the moon and stars to shine by night,

God stirs up the sea so that its waves roar –

Lord Almighty is his name

Jeremiah 31:35

Ek sal U lof verkondig, Here, want U het my gered.

U het my vyande verhinder om bly te wees oor my.

Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak.

Here, U het my gered van die doderyk, U het verhoed dat ek wegsak in die graf.

Sing tot eer van die Here, julle wat getrou is! Loof Sy heilige Naam.

Sy toorn duur net 'n oomblik, maar Sy genade is lewenslank!

In die nag vloei die trane, maar in die oggend is daar vreugde.

U het my droefheid verander in 'n dans van vreugde.

U het my rouklere weggeneem en my met vreugde geklee.

Daarom sal ek sing tot U eer en nie swyg nie.

Here my God, ek sal U dank vir altyd,

Psalm 20: 1-12

WOORD

1. Lees Hand 8:26-40. Filippus het ’n direkte opdrag van die Here ontvang (v26), daarop reageer (v27), en natuurlike dinge(v38) sowel as bo-natuurlike dinge beleef(v39-40). Hoe gereeld beleef jy dat die Here sulke instruksies aan jou gee? Hoe gebeur dit? Deel met die groep.

   Party mense weet glad nie of/hoe God met hulle praat nie. Fondasieskool is ’n 6-weke kursus van Vredelust wat sulke mense sal help om God se stem duideliker te hoor. Jy kan inskryf by http://www.churchadventure.co.za/Bediening/Fondasieskool.aspx

2. God het ons uitgehaal uit die koninkryk van duisternis en deel gemaak van die koninkryk van die lig. (Kol 1:13) Ons staan nou aan die kant van liefde en geregtigheid. Beleef jy ooit weerstand van mense of die regeringstelsel omdat jy kies om die regte ding te doen en die bose te weerstaan? Waarom is dit so/nie so nie? Oor watter ongeregtigheid in ons samelewing het jy nodig om sterker standpunt in te neem? Watter “cause” moet jy sterker ondersteun?

BEDIEN MEKAAR

3. Die Bybel leer ons dat ons as gelowiges oorwinnaars is in Christus (dws jy kan leef in die krag van sy wêreld), maar ons beleef dit nie altyd in ons eie wêreld nie. Is daar tans enige seer / kwaad / teleurstelling /vraag / struggle in jou lewe waar God se wêreld nog nie jou wêreld deurbreek het nie? Hoe kan sellede jou daarmee help?

   Travel Lite is ’n innerlike genesingsprogram wat mense help om met seer/teleurstellings uit die verlede te deel. Sien http://www.churchadventure.co.za/Bediening/GeestelikeReisTravelLite.aspx vir meer detail.

4. Hoe gereeld seën jy jou kinders, familielede, vriende, ander mense - met woorde van seën en bemoediging, deur profetiese woord oor hulle uit te spreek, deur hulle te salf met olie, deur iets onverwags vir hulle te doen as teken van God se liefde vir hulle? Deel nou op in groepies van 3 en spreek God se seën oor mekaar uit en bedien mekaar soos die Gees lei.

WêRELD

5. Is daar ’n manier waarop jy graag vir ander mense ’n blessings wil wees, maar wat jy nog nie regtig gedoen/probeer het nie? Is daar iemand anders wat hierdie passie van jou deel? Wat kan jy/julle binne die volgende paar dae doen om daarmee te begin?

6. Verkeerde persepsies van God veroorsaak dikwels dat mense liewer wegdraai van God in ruil vir ’n wêreldse lewe. Dis die posisie van die grootste gedeelte van die samelewing – God is net nie ’n faktor in hulle lewe nie. Die Here is passievol oor sulke mense en wil jou gebruik om sy liefde met hulle te deel. Wie se persepsie van God kan jy help verander om hulle nader aan die Here te bring (iemand met wie jy gereelde kontak het, of kan maak) en hoe sou jy te werk gaan? Laat groeplede in kleiner groepies saam bid vir hierdie mense.

3. Comfort Zones (Gemaksones)

Gemaksones is areas van jou lewe waar jy veilig en gemaklik voel om te wees. Dit vra nie inspanning van jou nie en daar is nie onsekerhede nie. Tog is dit areas wat baie keer ons persoonlike groei terughou en veroorsaak dat ons nie ons potensiaal bereik nie. Dit verhoed ook baie keer dat die Heilige Gees ons kan gebruik soos Hy wil, omdat ons vol van allerhande voorbehoude en twyfel is.

Hoe kan 'n mens uit hierdie gemaksones ontsnap sodat jy voluit kan leef?

- *Kry 'n mentor, iemand wat jou ken en wat jou kan uitdaag*
- *Stel jouself bloot aan gebeure wat jou ervaringswêreld kan vergroot*
- *Ontwikkel 'n leergierige gees wat nie tevrede is met waar jy nou is nie*
- *Raak ontslae van trots*

Trots Mense vol van hulleself het gewoonlik nie baie plek oor vir 'n lewensveranderende droom nie. Dis hoekom dit so belangrik is om ontslae te raak van trots. Trots kan jou weerhou daarvan om nuwe dinge te probeer of om vrae te vrae omdat jy bang is jy sal onnosel lyk. Dit maak dat jy eerder in jou gemaksone wil bly as om te strewe na die groei en ontwikkeling van jou potensiaal. En dit weerhou jou om risiko's te neem – iets wat jy moet doen indien jy jou droom wil leer ken en verwesenlik. Indien jy trots in jou het, konfronteer dit en begin om jou droom te verwesenlik.

No matter how successful you are today, don't get complacent. Stay hungry. Sydney Harris insisted that "a winner knows how much he still has to learn, even when he is considered an expert by others; a loser wants to be considered an expert by others before he has learned enough to know how little he knows." Don't settle into a comfort zone, and don't let success go to your head. Enjoy your success briefly, and then move on to greater growth.

Groei hou risiko in!

"Unless you do something beyond what you've already mastered, you will never grow"

– Ronald E Osborne

WELKOM

Laat groeplede die volgende vraag beantwoord: Watter enkele voorwerp in die kombuis beskryf jou en jou geaardheid die beste en hoekom? (Indien dit te vinnig gaan kan nog 'n vraag of twee byvoeg – Watter huishoudelike/DIY produk is die beste ding wat jy nog ooit ontdek het? Wanneer laas het jy 'n splinternuwe produk probeer?)

WORSHIP

Sing hierdie week saam met die cd soos opgeneem deur Vredelust P&W team (beskikbaar by Vredelust Boekwinkel). Maak seker dat daar kopieë van die liedere se woorde is vir elke individu

(woorde word uitgegee saam met die CD). Lees eers hardop die woorde van elke lied deur voordat dit gesing word. Moedig groeplede ook aan om grepe uit die liedere uit te lig wat vir hulle van besondere betekenis is.

Onthou: Hoe harder die musiek gespeel word, hoe meer selfvertroue het mense om saam te sing!!!!!

WOORD

Faith means nothing if it does not mean risk. Faith and trust go hand in hand, and that means so do faith and risk, because trust is a risky business. You can tell me that you trust me to hold your money until you're blue in the face, but until you have actually put the money into my hands, you haven't really trusted. It's the same with faith. You can say, "Oh, I have faith in God" all you want, but until you get out of the boat, it's only so much hot air.
"There is nothing more important than God," we say. "I can do all things through Christ who strengthens me" we quote. "With God all things are possible." We shout it again and again as we sit comfortably in our boats, calling the ones who talk of getting out "foolish" and "impractical." And we look at those who do get out of the boat and we condemn their lack of faith if they start to sink, completely unaware that even as they sink to the bottom of the sea, their faith is greater than ours. We have no business claiming we have any faith whatsoever until we have been willing to get out of the boat when Jesus calls.

Lees Matteus 15:22-33

1. Petrus het vir 'n oomblik van die gemak, sekuriteit en rasionaliteit binne in die boot vergeet toe hy vir Jesus vra of dit regtig Hy is en of hy (Petrus) ook op die water kon loop. Dit was nie 'n bevel van Jesus nie, maar Petrus het self gevra. Wat het hom gedryf om die versoek te rig? Hoekom wou hy dit doen?

Petrus het geweet wie Jesus is en waartoe Hy in staat is. Sy geloof in Jesus se vermoë het hom die 'boldness' gegee om iets ongewoon te vra wat nie sin maak vir dié wat veilig in die boot was nie. Geloof en vertroue in wie God is, maak dat ons bonatuurlik begin dink, verder as die natuurlike. Verder as die natuurlike begeerte om veiligheid en sekuriteit te wil hê. Petrus het Jesus uitgedaag op grond van dit wat Hy geglo het Jesus in staat was om te doen. Hy was nie net tevrede om te kyk hoe Jesus bonatuurlik handel nie, hy wou self in die bonatuurlike dimensie ingaan. Hy was honger vir die bonatuurlike God. Wanneer ons honger is vir God en sy krag, word vleeslike begeertes vervang met God se bonatuurlike geestelike begeertes – en dit sluit in om wonderwerke te sien gebeur.

2. Toe Jesus sê 'Kom!' het Petrus nie op homself laat wag nie. In sy bereidheid om te waag, was die kanse ook groter om te faal. In vergelyking met die res van die dissipels in die boot, hoe het Petrus se afhanklikheid en vertroue sy verhouding met Jesus anders gemaak? En hoe het hierdie ingesteldheid van hom die kerk help bou in sy paadjie vorentoe?

Dit is maklik om in 'n gemaksone nie foute te maak nie. Die dissipels in die boot het veilig die ander kant bereik, sonder om amper te verdrink. Maar net Petrus het op water geloop (bonatuurlikheid beleef) – al was dit net vir 'n kort rukkie. Deur te sink (kleingelowigheid) het Hy nader aan Jesus gekom, want daardeur het hy afhanklik geraak van Hom. Omdat hy gewillig was om te waag en dit met die moontlikheid om te faal, kon Jesus hom

oprig tot leier van die kerk – hy was die een wat Jesus se kerk momentum moes gee en moes voortsit na die kruisiging.

BEDIEN MEKAAR

3. Wat is die verskillende gemaksones wat ons vandag binne die boot hou? Waarin lê jou sekuriteit? As daar môre 'n radikale verandering in die funksionering van jou lewe kom, waarvan sal jy baie moeilik afsien?

Finansiële sekuriteit, verhouding met ons man/vrou, 'n werk wat ons goed kan doen en ons die nodige status gee wat die samelewing vandag vereis, prestasie en die erkenning wat daarmee saam kom, 'n godsdienstige/ wettiese verhouding met God waar alle reëls nagekom word, ens.

4. Wanneer laas het jy buite jou gemaksone beweeg? Wat het gebeur? Hoe het dit jou as mens gevorm? Hoe het dit jou verhouding met God beïnvloed?

Wanneer ons buite ons gemaksones beweeg, gee dit God die geleentheid om totale beheer te neem van ons lewens. En wanneer Hy totale beheer neem, word ons vlees vervang met Gees. Dit is baie keer pynvol, want 'n stuk van jouself gaan dood, maar God se Gees kom vervang dit en maak jou meer soos Hy. Veiligheid bring stagnering, wat jou in beheer sit van jou omstandighede; waagmoed en 'boldness' bring groei en sit God in beheer van jou omstandighede.

Laat elke persoon een gemaksone identifiseer waarin hulle tans verkeer en laat hulle mekaar twee-twee rondom dit bedien. Vra spesifiek vir God om jou die wysheid en onderskeiding te gee om hierdie week buite gemak te leef.

WêRELD

5. Was Jesus se lewe op aarde gemaklik? As ons Jesus se voorbeeld wil volg en God se koninkryk op aarde wil vestig, hoe moet ons lewe lyk? Hoe het sy lewe gelyk?

Jesus was radikaal, Hy het gewaag wat niemand anders wou nie. Hy het bonatuurlik geleef, omdat Hy sy Vader se stem kon hoor. Petrus het eers uit die boot geklim toe Jesus sê 'Kom!', so Hy het sy stem erken. 'n Lewe van intimiteit met God lei tot radikaal-wees vir God. 'n Honger vir God lei tot boldness om meer van sy bonatuurlikheid te ervaar.

6. Hoe kan ons in die week wat kom buite ons gemaksones beweeg? Het God al iets op jou hart gelê waarvoor jy bang is? Wat kan jy doen om 'n treetjie nader aan dit te gee?

Baby steps. Petrus het treetjie vir treetjie nader aan Jesus beweeg. Die belangrikste ding is dat hy die keuse gemaak het om uit die boot te klim. Terwyl hy sy oë op Jesus gehou het, kon hy stappie vir stappie op water loop. Maar toe hy sy oë afhaal en die golwe sien, het hy gesink.

If you would attain to what you are not yet, you must always be displeased by what you are.
For where you are pleased with yourself there you have remained.
Keep adding, keep walking, keep advancing.

~Saint Augustine

4. Seisoene

Tyd bring verandering, en alles wat bestaan en funksioneer binne tyd beleef dus verandering. Koning Salomo sê in een van sy wysheidsboeke:

> *Daar is 'n vaste tyd vir alles, elke ding onder die son het sy tyd... For everything there is a season, and a time for every purpose under heaven…* Pred 3:1 NLV en ASV

Hierdie woorde sê iets van die gees van verandering wat inherent in tyd is – alles is gebonde aan seisoene en funksioneer in 'n beperkte tydsgewrig. Die volgende beginsels wil verduidelik hoekom veranderinge 'n onafwendbare faktor in ons lewe is:

- Alles wat geskep is, alles wat onder die onsigbare ewige realm van God is, bestaan in tyd
- Alles wat in tyd bestaan het 'n doel en elkeen van hierdie doelwitte het 'n seisoen vir die vervulling daarvan.
- God se doelwitte en handelinge binne tyd is ontwerp vir seisoene, wat op sy beurt verandering inhou.

Omdat ons in 'n wêreld leef wat deur tyd beheer word, leef ons volgens seisoene en is ons lewe verbind aan verandering. Seisoene en die verandering wat dit meebring, is 'n essensiële deel van ons groei en ervaring van lewe.

Om sukses te behaal moet 'n mens jouself voortdurend afvra waar jy nou is en waarheen jy op pad is. Jy moet aanpas sodat jy kan verbeter. *Dis tyd om te groei!*

Net omdat iets vyf jaar gelede gewerk het, beteken nie dit sal vandag nog werk nie. 'n Mens moet ontvanklik bly vir verandering. Ons kan nie so vasval in ons ou weë dat ons later niks nuuts meer wil beproef nie. Dit is waarom baie mense so ongeesdriftig is, hulle karring maar net op dieselfde trant aan. Elke keer wanneer 'n geleentheid vir verandering of groei hom voordoen, skram hulle weg daarvan omdat dit iets nuuts is. Hulle besef nie dat hulle hulleself kortwiek nie.

Moenie verbaas wees as God in die dae wat kom nuwe geleenthede oor jou pad laat kom nie. Jy word dalk 'n pos aangebied waarvoor jy nie dink jy opgewasse is nie. Jy kry dalk 'n geleentheid om 'n nuwe rigting in te slaan in jou loopbaan, of om 'n ander beroepsveld te betree. Of as jy enkellopend is, bring God dalk iemand spesiaals oor jou pad, 'n Goddelike verbintenis. Jy sal moontlik aanvanklik in die versoeking wees om veilig te speel en al die redes opnoem waarom jy nie 'n verandering kan maak nie. Jy het al seergekry, daarom kan jy nie 'n nuwe verhouding aanknoop nie. Jy is nie gekwalifiseer vir daardie nuwe pos nie, daarom is jy bang om te misluk.

Maar as jy God se oorvloedige seën wil ervaar, moet jy bereid wees om risiko's te waag. Jy kan nie vasval en glo dinge kan net op een manier gebeur nie. God hou daarvan om dinge 'n slag anders te doen.

Joel Osteen *Dis jou Oomblik*

WELKOM

Muffin in ’n beker: Hierdie is ’n pret aktiwiteit wat kan lei tot ’n lekker kuier in die kombuis en baie kan bydra tot spontaniteit, veral as jou groep ‘n bietjie “styf” geraak het. Gebruik die resep hier onder en laat elke persoon sy/haar eie muffin bak om saam met koffie te geniet. As die groep gemaklik in die kombuis kan kuier, spandeer sommer die hele aand daar.

Sjokolade muffin in ’n beker

- 4 Eetlepels koekmeel
- 4 Eetlepels suiker
- 2 Eetlepels kakao
- 1 Eier
- 3 Eetlepels melk
- 3 Eetlepels olie
- 1 Koffiebeker (Mug)

1.) Meng meel, suiker en kakao
2.) Voeg eier by en meng
3.) Voeg melk en olie by en meng deeglik
4.) Plaas in mikrogolf oond vir 3 minute op maksimum krag (1000Watt)

WORSHIP

Deel met die groep ‘n gunsteling skrifgedeelte of lied wat vir jou van besondere betekenis is.

Gee tyd waar groeplede hul gedagtes na aanleiding hiervan kan neerskryf (‘journal’) en uiteindelik ook met die groep kan deel.

WOORD

Ons het reeds gesien:

“The only way for you to move forward to where you want to go in life, regardless of your circumstances, is ***to initiate desired change*** *and to address unwanted change constructively.”* Dws ons kan ‘n gesindheid aanneem waar ons verandering verwelkom.... “*To embrace change not run from it.*”

Verskillende seisoene in ‘n mens se lewe skep soms spanning of stress of veroorsaak dat jy jou fokus verloor. Elke seisoen skep ‘n geleentheid vir jou om God te raadpleeg oor die inhoud van daardie seisoen. Deur te verstaan wat sy doel is met ‘n bepaalde seisoen kan jy die seisoen makliker bestuur... (kan jy makliker ‘navigate’ deur die seisoen).

Lees Heb 12:5-9

1. Watter tipe seisoen beleef jy tans? Is dit ’n maklike of moeilike tyd vir jou? Hoe verstaan jy God se plan met hierdie seisoen in jou lewe? Hoekom laat hy dit toe of hoe gebruik Hy dit?

   Wanneer mens die seisoen verstaan of aanvaar kan jy dit hanteer op ‘n manier wat aan Hom die eer bring of te weeg bring wat Hy wil. Ons stry soms teen die seisoen waarin Hy ons geplaas het... God weet dat dit net ‘n bepaalde seisoen is wat die nodige verandering of ‘shift’ te weeg kan bring in jou lewe. As ons net sy Vaderhart in die moeilike seisoen kan raak sien!

2. Hoe hanteer jy moelike seisoene? Onttrek jy? Verloor jy fokus?

BEDIEN MEKAAR

3. Hoe kan jy 'n moeilike seisoen hanteer of 'embrace' met die Vader se hulp?

   Dis baie balangrik om in die moeilikte tye in jou lewe NA hom toe te draai en nie weg van Hom af nie. (Onthou sommige moeilike seisoene is as gevolg van ons verkeerde keuses. Ander kere is dit iemand anders wat jou te na gekom het. Soms is dit net omstandighede wat buite jou beheer is en wat jy glad nie verstaan nie... en seker eers sal verstaan wanneer ons die Vader in die hemel ontmoet. Diebelangrike ding is om daaraan vas te hou dat God jou oneindig liefhet en net die heel beste vir jou wil gee.)

4. Wat van uitgerekte seisoene? Is daar 'n aspek van jou lewe waaroor die Heilige Gees jou lankal reeds aanspreek? Wat is die volgende stap wat jy nodig het om te neem om hierdie seisoen in jou lewe te verander?

   Soms is dit regtig tyd om te waag, om uit 'n gemaksone te beweeg en om in geloof 'n verandering aan te bring in jou lewe. Dit is nie genoeg om 'n vinnige gebedjie op te sê vir verandering nie. Onthou sy wêreld gaan nie kom tot in jou wêreld as jy dit nie fasiliteer nie. Jy moet die keuses maak en die stappe neem, soos God jou lei.

WêRELD

5. Ken jy iemand wat deur 'n moeilike seisoen gaan? Hoe kan jy hulle bedien of bystaan?

6. Suid-Afrika gaan ook deur 'n bepaalde seisoen. Bespreek 'n bietjie. Wat is God se doel daarmee en hoe kan ons sy koninkryk laat seevier in die seisoen waarin ons land haar tans bevind? Watter rol speel ons in positiewe verandering?

No matter how long the winter, spring is sure to follow. ~Proverb

If we had no winter, the spring would not be so pleasant; if we did not sometimes taste of adversity, prosperity would not be so welcome. ~Anne Bradstreet

I think that no matter how old or infirm I may become, I will always plant a large garden in the spring. Who can resist the feelings of hope and joy that one gets from participating in nature's rebirth? ~Edward Giobbi

One kind word can warm three winter months. ~Japanese Proverb

Rest is not idleness, and to lie sometimes on the grass on a summer day listening to the murmur of water, or watching the clouds float across the sky, is hardly a waste of time. ~John Lubbock

Where man sees but withered leaves,
God sees sweet flowers growing.
~Albert Laighton

5. Verander jou werk

Hierdie onderwerp wil nie aandui dat ons nou almal ewe skielik ons werk moet verander nie! Dit wil wel aandui dat ons ons werke (beroepe) as meer moet sien as net 'n plek om geld te verdien. Ons is geroep om 'n verskil by ons werkplek te maak. Elkeen van ons het 'n "bediening" by ons werkplek – nie om in die eerste plek biduurtjies te reël nie, maar om regtig daar te wees vir mede-werkers – om hulle raak te sien en om te gee vir hulle. Begin om jou werkplek te verander!!

Almal in die lewe het liefde en aandag nodig. 'n Vriendelike woord van bemoediging kan 'n persoon se hele dag en lewe verander. Ons moet dus leer om ons geloofslewe en ons werkslewe te integreer. Deel van ons geestelike reis is om te ontdek wat God se doelwitte vir my in die besigheidswêreld is. Ek moet leer en groei daarin om waarde by te voeg in my beroepswêreld. Daarmee saam moet ontdek word wat dit beteken om 'n koninkryksmaatskappy te wees.

Ed Silvoso het baie geskryf oor die belangrikheid van die werkplek vir God. En om na ons werksplekke met Goddelike perspektief te kyk. Ons moet besef dat die besigheidswêreld die hart van 'n nasie vorm en dat Jesus se opdrag was om nasies te wen:

> *"By exclusively discipling individuals, we have missed the higher prize of bringing transformation to the nations."*

In sy nuwe boek *Transformation* gaan dit dan ook om vyf basiese paridigmas wat noodsaaklik is vir voortgaande transformasie om plaas te vind:

- The Great Commission is about discipling nations, not just people.
- The marketplace (the heart of the nation) has already been redeemed by Jesus and now needs to be reclaimed by his followers.
- Labor is the premier expression of worship on Earth, and every believer is a minister.
- Our primary call is not to build the Church but to take the kingdom of God where the kingdom of darkness is still entrenched in order for Jesus to build His Church.
- The premier social indicator that transformation has taken place is the elimination of *systemic* poverty

Hierdie paridigmas mag radikaal klink maar dis deur en deur Bybels en is juis dit wat God se hart reflekteer. Om dit te sien moet ons egter die regte lense dra, omdat ons geneig is tot eensydighede en eie perspektiewe, wat gewoonlik vir ons gemakliker is. Ons moet die volle skopus wat God vir ons voor oë het, raaksien en verstaan.

Most Christians who on Sundays worship God to the tune of inspiring music fails to see that what they do during the week is also meant by God to be worship.

WELKOM & WORSHIP

- Stel 2 rye stoele oorkant mekaar op – bv. 4 stoele aan die een kant en 4 stoele aan die ander kant. Die stoele moet na mekaar kyk.
- Wanneer groeplede inkom, laat hulle hul sitplekke oorkant mekaar inneem.
- Begin nou deur die eerste vraag van die 5 vrae hieronder te vra.

- Laat elke persoon sy/ haar antwoord deel met die persoon aan die oorkant
- Hierna beweeg een van die twee rye ‘n sitplek na regs sodat elkeen nou oorkant iemand anders sit. Beweeg aan na vraag 2. Na elke vraag skuif een ry se mense ‘n sitplek aan. NB – net een ry beweeg!
- Laat net so 1 – 2 minute tyd vir elke vraag / antwoord.

Vrae:

1. As jy 8 ure het om te doen net wat jy wil, wat sal dit wees?
2. Dink aan ‘n Sondag diens wat jy graag bywoon. Waarvan hou jy die meeste tydens die diens en hoekom?
3. Vir watter 3 dinge is jy vandag die dankbaarste?
4. Wat omtrent God verwonder jou die meeste?
5. Neem ‘n oomblik en dank God vir die persoon oorkant jou.

WOORD

Kolossense 3:23
Pak alles gemotiveerd aan. Werk soos vir die Here en nie soos vir mense nie. NLV

1. Vir wie werk ons nou eintlik? Kry jy dit reg om jou geloof in Christus deel te maak van jou daaglikse werksomstandighede of nie?

   In hierdie vers sien ons dat wat ons ookal doen, ons dit moet doen asof vir die Here.

2. Dink jy dat dit wat jy elke dag by die werk doen regtig vir God belangrik is?

   God het vir almal van ons opdrag gegee om die aarde te bewoon en te bewerk. Ons werk is vir Hom baie belangrik.Werk is die manier waarop jy die potensiaal wat God in jou belê het na vore bring om ’n blessing vir die wêreld te kan wees.

BEDIEN MEKAAR

3. Hoe ervaar jy jou werkplek op die oomblik? Is dit vir jou lekker om daar te werk?

4. Hoe moet ‘n mens maak indien jy nie hou van jou werksomgewing of jou spesifieke werk nie?

   Hoe gemaak wanneer jou baas ‘n nie-gelowige of selfs iemand van ‘n ander geloofsoortuiging, bv ‘n Moslem, is?

Bid nou ook in die groep vir individuele mense wat hulle werksplek moeilik vind, elke dag met spesifieke moeilike mense moet saamwerk, of wat ‘n “attitude-adjustment” nodig het oor hoe hulle hul eie werksplek sien.

WÊRELD

5. Hoe kan jy die koninkryk van God by jou werksplek laat kom? Hoe kan jy daar vir ander ‘n seën wees? Ruil praktiese wenke uit oor dinge wat werk en goed ontvang word.

6. Vredelust Gemeente streef daarna om lewens en gemeenskappe te verander. Hoe raak hierdie visie jou persoonlik? Watter verandering wil God in jou werksomgewing aanbring, of is jy reeds besig om daar te sien gebeur?

6. "Change Agents"

The mind-set of a change agent:

- Seeks knowledge, understanding, and the application of wisdom
- Is mentally prepared for change
- Does not boast in a season of change but understands the role of a "conduit" (geleier)
- Is unafraid of seasons of change
- Takes a responsible attitude toward change

All peoples on earth – in every nation and every race – must realize the capacity for greatness that lies dormant within them and develop the mind-set of a change agent. As we recognize our potential to bring about change through initiating our purposes, and as we take steps of faith in that direction, God will bring tremendous positive change to our world.

Myles Monroe: *The Principles and Benefits of Change*

Sewe maniere om te beplan en voor te berei vir verandering:

1. Verander jou basis van kennis – jaag kennis na wat jou toerus om te deel met 'n samelewing wat aan die verander is.
2. Vergroot die vaardighede waaroor jy beskik – verkry vaardighede wat jou toerus om nuwe situasies die hoof te bied (Vgl Pred 10:10).
3. Verander jou biblioteek – belê in bronne soos boeke, DVD's asook ander media.
4. Verander jou assosiasies – sommige kere sal jy nuwe kennisse moet maak indien jy suksesvol wil reageer teenoor verandering.
5. Verander jou prioriteite – verandering verplig ons om prioriteite te hersien, asook om sekere vriendskappe prys te gee.
6. Verander jou verwagtinge – dit beskerm jou teen teleurstellings en frustrasie.
7. Verander jou geestelike fokus – tye van verandering kan help om jou geestelike fokus te verskerp en jou verhouding met God te ontwikkel en groei.

WELKOM

Bucket List: Laat groeplede bietjie vertel wat hulle graag wil doen in die tyd wat die Here hulle nog op aarde gee. Gebruik die volgende onderafdelings om dit makliker te maak:

- Plekke wat jy nog wil besoek
- Aktiwiteite waaraan jy wil deelneem / wat jy wil bemeester
- Tegnologie/toerusting wat jy wil aanskaf/gebruik
- Vaardighede of projek wat jy wil aanleer/aanpak

WORSHIP

Spandeer tyd in gebed, maar bid net dank- of lofgebede m.a.w. gebede gaan net oor wat God gedoen het (dankbaarheid) of oor wie God is (lof en aanbidding). Daag groeplede uit om lang stiltes tussen gebede te vermy, sodat dank en lof spontaan opklink.

Luister na afloop van die gebedstyd na 'n dank of loflied van jou keuse.

Voorstel: 'Thank You' op Bobby van Jaarsveld se cd Net vir Jou

WOORD

Lees Jes 61:1-4 (NLV)

Die Gees van die oppermagtige Here het op my gekom. Die Here het my gesalf om goeie nuus te bring vir arm mense. Hy het my gestuur om dié wat hartseer is, te troos, om vir die gevangenes vryheid aan te kondig, en vrylating vir dié in die tronk; (2) om die genadejaar van die Here aan te kondig, die dag van afrekening vir ons God. Maar almal wat treur, troos Hy, (3) die dag wanneer Hy voorsien vir dié wat in Sion treur, eer gee in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydskap in plaas van hartseer. Hulle sal genoem word: Bome van Redding, 'n plantasie van die Here om sy roem te vermeerder. (4) Hulle sal die verlate stede herbou, en die plekke herbou wat lank gelede verwoes is. Hulle sal die verwoeste stede herstel, plekke wat vir geslagte lank verlate gelê het.

As ons nog gewonder het. Dit is die verandering wat God wil sien gebeur in ons wêreld. Dit is die missie waarmee Jesus aarde toe gekom het (sien Luk 4:18) en dit is die taak wat Hy vir ons as Sy KERK gelos het.

1. Hoe kan ons as gemeente en selgroepe Jes 61 waar maak in ons gemeenskap? Hoe dink jy sou jou lewe anders wees as jy Jesaja 61 op jouself sou toepas elke dag?"

2. Die Bybel is gevul met stories oor "change agents". Noem 'n paar karakters en dink 'n bietjie wat die omstandighede was wat hulle gedryf het om agente van verandering te wees. Dink ook aan die menslike tekortkominge van elkeen van die karakters.

Dink aan:

- ***Moses*** *(het moord gepleeg, kon nie duidelik praat nie) met sy passie vir sy volk het hy hulle bevry uit slawerny*
- ***Ragab*** *('n prostituut) wat die verspieders weggesteek het, en sodoende bygedra het dat Israel Jerigo kon inval en die beloofde land in besit neem*
- ***Daniël*** *('n jong seun)wat 'n voorbeeld was vir almal by die werk in hoe om God te dien sonder vrees*
- ***Dawid*** *('n eenvoudige skaapwagter en later koning, en'n man wat egbreek gepleeg het) wat onbeskaamd voor God gedans het in 'n "act of Worship". Hy was die mees suksesvolle koning van Israel en het meeste van die Psalms geskryf wat ons in die Bybel lees*
- ***Petrus*** *('n eenvoudige visserman) wat in geloof op water geloop het*
- ***Paulu****s (wat die gelowiges vervolg het) is een van die mees invloedryke figure in die Bybel*

Change agents are creative souls who make deep commitments the cornerstones of their approach.

BEDIEN MEKAAR

3. Stelling: "Die Wêreld is vol 'change agents'". Sonder veranderingsagente sou ons nog klippe gebruik as wapens, skulpe as eetgery en in grotte gewoon het. Veranderingsagente sien 'n beter toekoms raak en motiveer mense om daardie beter toekoms na te jaag. Wat is die eienskappe van 'n "change agent"? Is dit moontlik om God met 'n opregte hart te dien en nie 'n "change agent" te wees nie?

Eienskappe wat uit die gesprek behoort te kom:

- *Gewone mense wat deur God gebruik wil word om sy koninkryk te laat kom*
- *Is gehoorsaam aan die roep van God om verandering te bring*
- *Word deur 'n passie vir 'n saak gedryf*
- *Kan ander motiveer met passie vir die saak*
- *Kan homself motiveer as dinge moeilik raak in die veranderingsproses*
- *Verstaan mense en dat verandering altyd gaan oor mense*

4. Stelling: "You can't change your world inside your boat, you have to go where the storm is." Om 'n veranderingsagent te wees beteken om uit jou gemaksone te beweeg ter wille van verandering. Deel met mekaar: W**a**t weet jy in jou hart is die "storm" waarheen jy doelbewus moet gaan om verandering te bring vir God en sy koninkryk?

WÊRELD

5. Het jy geweet: in die Chinese taal beteken die word KRISIS: gevaar of geleentheid… "Change agents" het die vermoë om die geleentheid in elke krisis te sien. Wanneer jy in 'n krisis situasie kom, wat is jou eerste reaksie - word jy geïntimideer deur jou omstandighede of word jy geïnspireer om die omstandighede te verbeter?

Kom daarby uit dat ons moeilike tye en krisisse moet begin sien as geleenthede om omstandighede te verander. As "change agent" is dit belangrik om eers self die verandering aan te neem en dit dan te mobiliseer in die gemeenskap.

6. Watter stap moet jy neem om eerder verandering te bring as deur moeilike tye onder gekry te word? (Verwys na die "sewe maniere om te beplan en voor te berei vir verandering" op bl 17).

Aanhangsel A (sien Welkom op bl 6)